# COFFEE SHOP… - PRAATPAPIER

***Vooraf wenke:***

- *Sit in 'n kring of rondom 'n tafel*
- *Hou dit gemaklik en eenvoudig*
- *Gee vir almal 'n kans om te praat en te LUISTER!*

**KOM SAAM**

- ✓ Waar is PLEKKE waar jy NET JOUSELF kan wees? Is daar soms MENSE wat jou so tuis en gemaklik laat voel jy kan net jouself wees?
- ✓ Is daar plekke waar jy regtig baie naby aan God voel? Waar? Is daar soms mense by wie jy God se teenwoordigheid "beleef" en "voel"? Wie is dit?

**LEES SAAM**

Teksgedeelte Johannes 4:1 – 30, 39 - 42. *(Gebruik gerus 'n ander vertaling by van die lesings vanaand.)*

- Lees die gedeelte. Wie ken die verhaal? Wat hoor jy in die gedeelte oor verhoudings? Wat hoor jy oor "plekke en ruimtes" in verhoudings? Wat tref jou? Watter emosies bring die gedeelte in jou op? Watter vrae?

**PRAAT SAAM**

- ❖ Jesus was baie lief om met mense te "connect"? Kan julle aan 'n paar plekke en ontmoetings dink? *('n Paar vbe…Sinagoges, die tempel (Die kerke van daardie tyd!), etenstafels, op die pad, buite in die natuur, binne huise.)*.

***Wanneer Jesus mense ontmoet het en met hulle "connect" het was dit soms gewone, alledaagse plekke wat in die ontmoetings "heilige" plekke en ruimtes word. By sulke ontmoetings breek mense se maskers en mure en wys hulle elke keer wie hulle REGTIG is.***

- ❖ Stem jy saam? *(Dink aan Saggeus, die vrou in Lukas 7, Bartimeus die bedelaar, die man op die draagbaar, die seuntjie met die brood en vissies.)*
- ❖ Wat hoor jy oor hierdie spesifieke plek en hierdie ontmoeting in Johannes 4? Waar sou die ontmoeting VANDAG wees? Wat wil dit vir ons sê oor ONTMOETINGS met mekaar? En 'n ontmoeting met God?

***Die put in Johannes 4 raak by die ontmoeting tussen Jesus en die vrou ook 'n HEILIGE PLEK! Die vrou ontmoet die BRON VAN LEWENDE WATER en sy is EERLIK oor WIE SY IS. Die dissipels ONTMOET haar ook daar – sonder oordeel of vingerwys. (ONTHOU SY IS 'N SAMARITAAN EN NOG BOONOP 'N VROU!) Sy bring ander ook na die PUT om JESUS te ontmoet!***

- ❖ Starbucks, die Amerikaanse coffee shops se motto is: ***"It's not about coffee, it's about connection!"*** Hoe kan die "motto" die kerk help om 'n plek van "*connection*" te wees? Met mense en met God?
- ❖ Is die kerk tans 'n "heilige plek" soos die put by Sigar waar JY met God en ander mense kan ONTMOET/"CONNECT" – eerlik en opreg, nes jy is, soos die vrou? Hoekom/Hoekom nie? Moet HIERDIE waarde deel van ons gemeente se ROEPING wees? Wat kan ons as gemeente doen om dit te laat gebeur? HOE KAN JULLE AS GROEP/GESIN DAARMEE HELP?

**BID SAAM:**

- ➢ **Dankgebed:** Jesus, dankie dat U met my ontmoetings soek.
- ➢ **Oorgeegebed:** Help my asb om sonder mag en vooroordele en maskers U te soek, te ontmoet en ook uit te deel.

**LEEF SAAM**

- o Het julle gesin/groep/familie 'n plek of ruimte waar julle kan ontmoet = los van mag en maskers en al die ander dinge en net WEES? Is dit 'n plek waar julle ook in julle daar WEES God soek en ontmoet?

As julle nog nie so plek of ruimte het nie, soek vir julle so 'n plek. Dalk is dit 'n "coffee shop"? Of 'n vertrek by die huis? Dalk buite by die dam of in die woud? Gaan soek JULLE plek en maak 'n afspraak in die week om SAAM daar te wees.